*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 63.] KAAPSTAD, 23 SEPTEMBER 1970. CAPE TOWN, 23RD SEPTEMBER, 1970. [No. 2828.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1562. 23 September 1970.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 55 van 1970: Wysigingswet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1970.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1562. 23rd September, 1970.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 55 of 1970: Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Amendment Act, 1970.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wet No. 55, 1970** WYSIGINGSWET OP VREDEREGTERS EN KOMMISSARISSE VAN EDE, 1970.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963, ten einde daardie Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 15 *September* 1970.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Invoeging van artikel 1 in Wet 16 van 1963 in die plek van artikel 1 wat deur artikel 1 van Wet 21 van 1967 herroep is.**

**1.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (hieronder die Hoofwet genoem), voor artikel 2 ingevoeg:

„Woordomskrywing. **1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
‚Republiek' ook die gebied Suidwes-Afrika.".

**Invoeging van artikel 11A in Wet 16 van 1963.**

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 11 ingevoeg:

„Toepassing van hierdie Wet op Suidwes-Afrika. **11A.** Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.".

**Wysiging van Eerste Bylae by Wet 16 van 1963, soos gewysig by artikel 44 van Wet 80 van 1964 en vervang deur artikel 5 van Wet 21 van 1967.**

**3.** Die Eerste Bylae by die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende woorde by te voeg:

„Hoofnaturellekommissaris, Assistent-hoofnaturellekommissaris, Naturellekommissaris, Addisionele Naturellekommissaris en Assistent-naturellekommissaris".

**Herroeping van wette.**

**4.** (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), word die wette van die gebied Suidwes-Afrika in die Bylae vermeld, hierby herroep vir sover in die derde kolom van die Bylae aangedui.

(2) 'n Aanstelling wat gedoen is kragtens 'n wet deur subartikel (1) herroep, of ten opsigte waarvan by so 'n wet verklaar is dat dit bly voortbestaan, en enigiets wat gedoen is in verband met of uit hoofde van so 'n aanstelling, bly ten volle van krag en geldig asof dié wet nie herroep is nie.

(3) Enigiets wat gedoen is kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur subartikel (1) herroep is, word geag gedoen te gewees het kragtens die ooreenstemmende bepaling, as daar is, van die Hoofwet.

(4) Hierdie artikel is ook in die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing.

**Kort titel en inwerkingtreding.**

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1970, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* vasstel.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963, so as to apply that Act to the territory of South-West Africa; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 15th September, 1970.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Insertion of section 1 in Act 16 of 1963 in lieu of section 1 repealed by section 1 of Act 21 of 1967.**

**1.** The following section is hereby inserted in the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (hereinafter referred to as the principal Act), before section 2:

"Definition. **1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

'Republic' includes the territory of South-West Africa.".

**Insertion of section 11A in Act 16 of 1963.**

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 11:

"Application of this Act to South-West Africa. **11A.** This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.".

**Amendment of First Schedule to Act 16 of 1963, as amended by section 44 of Act 80 of 1964 and substituted by section 5 of Act 21 of 1967.**

**3.** The First Schedule to the principal Act is hereby amended by the addition of the following words:

"Chief Native Commissioner, Assistant Chief Native Commissioner, Native Commissioner, Additional Native Commissioner and Assistant Native Commissioner".

**Repeal of laws.**

**4.** (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the laws of the territory of South-West Africa specified in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column of the Schedule.

(2) Any appointment made under or declared to remain in existence by any law repealed by subsection (1), and anything done in connection with or by virtue of any such appointment, shall remain of full force and effect as if that law had not been repealed.

(3) Anything done under any provision of a law repealed by subsection (1), shall be deemed to have been done under the corresponding provision, if any, of the principal Act.

(4) This section shall also apply in the Eastern Caprivi Zipfel.

**Short title and commencement.**

**5.** This Act shall be called the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Amendment Act, 1970, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





## Bylae.

WETTE HERROEP.

| No. en jaar van wet. | Kort titel. | Omvang van herroeping. |
|---|---|---|
| Proklamasie No. 24 van 1928. | Kommissarisse van Ede Proklamasie 1928. | Die geheel. |
| Proklamasie No. 17 van 1943. | Wysigingsproklamasie betreffende Kommissarisse van Ede, 1943. | Die geheel. |
| Ordonnansie No. 17 van 1954. | Kommissarisse van Ede Proklamasie, Wysiging Ordonnansie, 1954. | Die geheel. |
| Ordonnansie No. 9 van 1964. | Wysigingsordonnansie op Kommissarisse van Ede 1964. | Die geheel. |
| Ordonnansie No. 36 van 1965. | Algemene Regswysigingsordonnansie 1965. | Artikel 1. |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## Schedule.

LAWS REPEALED.

| No. and year of Law. | Short title. | Extent of repeal. |
|---|---|---|
| Proclamation No. 24 of 1928. | Commissioners of Oaths Proclamation, 1928. | The whole. |
| Proclamation No. 17 of 1943. | Commissioners of Oaths Amendment Proclamation, 1943. | The whole. |
| Ordinance No. 17 of 1954. | Commissioners of Oaths Proclamation Amendment Ordinance, 1954. | The whole. |
| Ordinance No. 9 of 1964. | Commissioners of Oaths Amendment Ordinance, 1964. | The whole. |
| Ordinance No. 36 of 1965. | General Law Amendment Ordinance, 1965. | Section 1. |

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B618/14,700.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER PRETORIA BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD. CAPE TOWN—B618/14,700.